

bab.

50/90

423/89

N v H

S M MTUNGWA en P V SIBEKO teen DIE STAAT

SMALBERGER, AR :-

423/89

N v H

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

SIBUSISU MZAMALI MTUNGWA

Eerste Appellant

PATRICK VUZI SIBEKO

Tweede Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM:

SMALBERGER, KUMLEBEN, ARR,

et SMUTS, Wn AR

VERHOORDATUM:

17 Mei 1990

LEWERINGSDATUM:

22 Mei 1990

UITSpraak

SMALBERGER, AR :-

Beide appellante is in die

Witwatersrandse Plaaslike Afdeling deur VERMOOTEN,

Wn R, en twee assessore skuldig bevind aan roof met

...../2

verswarende omstandighede (aanklagtes 2 en 3), moord (aanklagtes 4 en 5) en poging tot moord met verswarende omstandighede (aanklag 6). Daarbenewens is die tweede appellant ook skuldig bevind aan n verdere aanklag van roof met verswarende omstandighede (aanklag 1). Wat die moordaanklagtes betref, is bevind dat versagtende omstandighede alleenlik in die geval van die tweede appellant aanwesig was. Die tweede appellant is op aanklag 1 tot 15 jaar gevangenisstraf gevonniss. Beide appellante is op elk van aanklagtes 2 en 3 tot 15 jaar gevangenisstraf gevonniss, en op aanklag 6 tot 10 jaar gevangenisstraf. Op elk van aanklagtes 4 en 5 is die eerste appellant ter dood veroordeel; die tweede appellant is tot 12 jaar gevangenisstraf op elke aanklag gevonniss. Die Verhoorregter het gelas dat sommige van die vonnisse samelopend moes wees. Die gevolg was dat, benewens die

doodsvonnisse wat die eerste appellant opgelê is, beide appellante n totale effektiewe gevangenisstraf van 30 jaar opgelê is. Die Verhoorregter het die appellante verlot geweier om teen hulle skuldigbevindings en vonnisse te appelleer. Hierdie Hof het egter later aan die eerste appellant verlot toegestaan om te appelleer teen die bevinding van die Verhoorhof dat daar geen versagende omstandighede aanwesig was nie ten opsigte van aanklagtes 4 en 5. Terselfdertyd is verlot aan beide appellante verleen om teen hulle vonnisse op al die aanklagtes te appelleer.

Die gebeure met betrekking tot aanklagtes 4 en 5 is kortliks die volgende. Die appellante en twee van hulle trawante het om ongeveer 20h30 op 28 November 1987 na die winkel Lucky Take Away Foods in Lea Glen, Florida, gegaan. Die appellante en minstens een van hulle trawante was met vuurwapens gewapen. Binne in

die winkel was mnre Luis, Da Vargem en Da Luz.
(Laasgenoemde twee persone is die oorledenes in
aanklagtes 4 en 5 onderskeidelik.) Al drie was
werkzaam in die winkel, en was besig om sekere take
aldaar te verrig. Op h tydstip toe daar geen klante
in die winkel was nie het die appellant en hulle
trawante toegeslaan. Vuurwapens is op Luis, Da Vargem
en Da Luz gerig, klaarblyklik met die bedoeling om
hulle te beroof... Toe Luis poog om sy eie vuurwapen in
die hande te kry is h skoot afgevuur en is hy deur een
van die aanvallers (blykbaar nie een van die appellante
nie) op die kop geslaan. Luis het egter daarin
geslaag om h vuurwapen te bekom en het op sy aanvallers
daarmee geskiet. Verskeie skote is deur die gewapende
aanvallers gevuur voordat hulle op die vlug geslaan
het. Hulle het beide Da Vargem en Da Luz dood in die
winkel agtergelaat. Albei het noodlottige koeëlwonde

opgedoen.

Die Verhoorhof het bevind dat die skote wat die oorledenes gedood het, deur die eerste appellant gevuur is. Ofskoon die tweede appellant ook skote gevuur het, het hy blykbaar niemand raakgeskiet nie. Dit was hoofsaaklik op grond hiervan dat die Verhoorhof n onderskeid tussen die twee appellante getrek het en bevind het dat in die geval van die tweede appellant versagtende omstandighede aanwesig was. Of dit n behoorlike grondslag was om tussen hulle morele aanspreeklikheid te onderskei is nie tans ter sake nie. Ofskoon dit op appèl bevraagteken is of die eerste appellant albei die oorledenes noodlottig gewond het, bestaan daar myns insiens op die getuienis geen redelike twyfel hieromtrent nie. Hy het dit in sy pleitverduideliking erken; dit is onder kruisondervraging van die Staatsgetuies deur sy

advokaat toegegee; en sy eie getuienis en voorafgaande bekentenis dui daarop. Afgesien van die feit dat hy albei oorledenes noodlottig gewond het, blyk dit dat die eerste appellant vir Da Vargem op 'n afstand van ongeveer 'n meter geskiet het. Die Verhoorhof het bevind dat alhoewel die eerste appellant die opsetvorm dolus eventualis gehad het, sy opset aan dolus directus gegrens het. Met hierdie bevinding kan daar nie fout gevind word nie.

Hierdie Hof kan alleenlik op beperkte gronde inmeng met 'n Verhoorhof se bevinding van geen versagtende omstandighede nie. Na my mening bestaan daar in die onderhawige geval geen basis vir inmenging nie. Die Verhoorhof het homself nie in enige wesenlike opsig wanvoorgelig nie, en die bevinding is nie een waartoe geen redelike Hof kon geraak het nie. Trouens, dergelike bevindings in soortgelyke sake is al

dikwels in hierdie Hof gehandhaaf - kyk by S v Nhlapo and Another 1981(2) SA 744(A); S v Mbatha en Andere 1987(2) SA 272 (A); S v Rapitsi 1987(4) SA 351 (A).

Wat die vonnisse betref, is die standpunt van hierdie Hof dat gevangenisstraf van meer as 25 jaar slegs in enkele, buitengewone gevalle te regverdig is (S v Morris en h Ander 1989(2) SA 643 (A) op 645 F). Dit beteken egter nie dat hierdie Hof sonder meer kan inmeng met h. vonnis van meer as 25 jaar nie. Een of meer van die aanvaarde gronde wat inmenging op appèl regverdig, moet nogtans bestaan.

In die onderhawige geval is al die misdade oor h tydperk van minder as een en h half maande gepleeg. Die misdade was klaarblyklik almal goed beplan. Daar is by elke geleentheid van vuurwapens gebruik gemaak om die appellante se oogmerke te verwesenlik. Die eerste appellant het reeds twee

vorige veroordelings vir poging tot roof. Op albei vorige geleenthede was gebruik gemaak van 'n vuurwapen. Hy het reeds meer as 6 jaar gevangenisstraf uitgedien. Die roof op aanklagte 2 is gepleeg slegs 13 dae nadat hy op parool vrygelaat is. Dit is aanduidend nie alleenlik van sy algehele veragting van die reg nie, maar ook dat sy tydperk in die gevangenis hom geensins verbeter het nie. In die geval van die tweede appellant het hy twee vorige veroordelings vir roof en een vir diefstal. Ook hy het skynbaar nie gebaat by sy vorige gevangesetting nie. Die feit dat twee persone in een van hulle roofpogings omgekom het, het die appellante nie daarvan weerhou om hulle rooftog 'n paar weke daarna weer voort te sit nie. Die gemeenskap moet ongetwyfeld teen persone soos die appellante beskerm word.

Na my mening bestaan daar nie rede vir inmenging met die opgelegde vonnisse nie. Die Verhoorregter was behoorlik gedagtig aan die beginsels wat by straftoemeting geld en het homself nie enigsins wanvoorgelig nie. Daarbenewens is die opgelegde vonnisse, in al die omstandighede, nie sodanig dat hulle as treffend onvanpas bestempel kan word nie.

Die appèlle van beide appellante word gevolglik van die hand gewys.

J W SMALBERGER

APPÈLREGTER

KUMLEBEN, AR)
) Stem saam
SMUTS, Wn AR)